JAKARANDA VOORTREKKERKAMP 2020

ONS GLO IN PERFEKTE VISIE

jakarandakamp@gmail.com
http://jakaranda.voortrekkers.org.za

21 Maart 2020

Geagte Kommandoleier, AKL Administrasie, AKL Finansies en kampeerder,

Dis met groot hartseer dat die 36ste Jakaranda Voortrekkerkamp nie in 2020 sal plaasvind nie. Na aanleiding van die staatspresident se aankondiging op 15 Maart 2020, aangaande voorsorgmaatreëls teen die COVID-19 pandemie, en ter aanvulling van skrywes vanaf hoofdagbestuur gedateer 16 Maart 2020 en Transvaalse gebiedsdagbestuur gedateer 16 Maart 2020, is alle Voortrekkerkampe gedurende die Maart/April vakansie gekanselleer, en dus Jakaranda Voortrekkerkamp wat sou plaasvind van 25 – 29 Maart 2020, ook. Die kampraad was reeds baie opgewonde en beplanning in plek vir dié jaarlikse gebiedskamp maar almal is in eenstemming dat dit die verantwoordelike stap is om nie voort te gaan nie. Die veiligheid en gesondheid van mede Voortrekkers en hul ouers is nou ons grootste prioriteit. Samewerking met ander kampe later in die jaar sal plaasvind wanneer daar sekerheid oor veiligheid teen die pandemie is.

Volle kampgelde soos ontvang in Jakaranda Voortrekkerkamp se bankrekening sal terugbetaal word aan die kommando/persoon. Kommando's moet asseblief aan hulle lede korrespondeer aangaande die gelde terug betaal in die kommando se rekening en die toedeling daarvan. Om die terugbetaling te vergemaklik vra Antionette Pieters om die proses te volg.

Die proses van terugbetaling is soos volg:

1. Stuur bewys van betaling in **Jakaranda** se rekening,
2. Stuur opsommende naamlys vir wie die betaling gemaak is, met totale per individuele kampeerder,
3. Naam en volle bankbesonderhede, (Rekeninghouer se naam, naam van bank, takkode, tipe rekening, rekeningnommer) waarnatoe die terugbetaling moet geskied, heg Bewys van Bankbesonderhede ('proof of banking detail') aan in die vorm van bankstaat of gekanselleerde tjek of bewys van bank met bankstempel op,
4. Stuur asb bogenoemde eis van terugbetaling na jakarandakampfinansies@gmail.com.

Terugbetaling sal so gou moontlik afgehandel word.

Ek hoop ons sien julle wel in 2021.

Bly kalm, bly gesond en Hou Koers want ONS GLO!

Jakaranda Voortrekkerkampgroete,

JAN-ALBERT DE KOCK
Kampleier
071 380 9757

ANNEMARÉ DE KOCK
Kampsekretaresse
083 554 2181